higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREGPROSES
NKR VLAK 4

9 Maart 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 C
1.2 A
1.3 D
1.4 C
1.5 D

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

2.1 C
2.2 F
2.3 E
2.4 I
2.5 J
2.6 H
2.7 G
2.8 D
2.9 B
2.10 A

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 Waar
3.2 Waar
3.3 Onwaar
3.4 Onwaar
3.5 Waar
3.6 Onwaar
3.7 Waar
3.8 Waar
3.9 Waar
3.10 Onwaar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

4.1 Alleenopsluiting
4.2 Ombudsman
4.3 Vrylating
4.4 Relatiewe strafteorie
4.5 Onweerlegbare vermoedens

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1
- Die aard van die misdryf
- Die doel van strafregspleging
- Die rol van slagoffers
- Die rol van oortreders
- Die rol van die gemeenskap
- Die rol van die strafregsplegingstelsel (6)

5.2 Slagofferbemagtiging is die manier waarop slagoffers bemagtig word✓ nadat hulle geviktimiseer is✓ deurdat die behoeftes wat uit hul viktimisering ontstaan✓ bevredigend deur die polisie gehanteer word.✓✓ (Enige 3 × 1) (3)

5.3

VIKTIMISASIE	SEKONDÊRE VIKTIMISASIE
Die onbillike behandeling van✓ of diskriminasie teen✓ misdaadslagoffers. ✓ (3 × 1)	Die manier waarop die strafregsplegingstelsel, ✓ die randberoepe✓ soos gesondheid en welstand✓ en die gemeenskap oor die algemeen✓ die slagoffer nogmaals kan viktimiseer✓ deur hom/haar te blameer, ✓ sy/haar rol in die strafregsplegingstelsel te ignoreer✓ en hulle op ongevoelige wyse te behandel (Enige 3 × 1)

(6)
[15]

VRAAG 6

Artikel 41 van die Wet op Korrektiewe Dienste 111 van 1998✓ plaas ’n enorme verantwoordelikheid op die Departement van Korrektiewe Dienste om herintegrasie te fasiliteer,✓ wat die volgende insluit:

- Om toegang te verleen tot ’n volledige verskeidenheid programme✓ en aktiwiteite✓ om in opvoedkundige en opleidingsbehoeftes van gevangenes te voorsien✓
- Om ongeletterde veroordeelde gevangenes✓ en jeugoortreders✓ van opvoedkundige programme te voorsien✓
- Om maatskaplike✓ en sielkundige dienste✓ te lewer ten einde veroordeelde gevangenes te ontwikkel en te ondersteun✓
- Die kunsmatige omgewing belemmer rehabilitasiepogings, en boonop word die probleem vererger deur die beperkte aantal personeel beskikbaar om ontwikkelingsprogramme aan te bied✓ (Enige 5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 7

7.1
- Insameling van inligting oor die misdaadprobleem, aangesien dit belangrik is dat ’n oorkoepelende beeld van die probleem geskep word;
- Ontleding van die data en vasstelling van die misdaadrisiko, sodat misdaadpatrone en -tendense geïdentifiseer kan word;
- Ontwerp van die program in samewerking met alle rolspelers;
- Implementering van die program;
- Deurlopende monitering van die program ten einde te verseker dat dit behoorlik uitgevoer word;
- Evaluering van die program ten einde uit te vind of dit suksesvol was of nie om die misdaadprobleem op te los.

(1 punt × korrekte chronologiese stappe)(6 × 1) (7)

7.2
- Die strafregproses
- Vermindering van misdaad deur middel van omgewingsontwerp
- Openbare waardes en voorligting
- Transnasionale misdaad (4)

7.3
- Gesinsondersteuningsprogramme
- Jeugprogramme
- Gemeenskapsontwikkelingsprogramme en woonbuurtoptrede
- Voorskoolse programme
- Alkohol- en dwelmmisbruikprogramme
- Opvoedkundige en skoolgebaseerde programme
- Bystandsprogramme aan oortreders en hul gesinne
- Werkverskaffings- en beroepsopleidingsprogramme
- Leiding- en lewensvaardighedeprogramme (Enige 5 × 1) (5)

7.4 7.4.1 ‘Getuies’ is die persone/mense wat die voorval waarneem✓ of oor ’n feit kan getuig✓ wat die elemente van ’n misdaad kan staaf.✓ ’n Getuie is ’n persoon wat sekere inligting (getuienis)✓ aan ’n hof aanbied oor ’n beweerde oortreding,✓ wat die voorsittende beampte in die lig van die feite voor die hof moet verhoor.✓

(Enige 4 × 1) (4)

7.4.2 'Getuienis’ sluit alle feite in wat aan die hof voorgelê word om die vraag in geskil op te los.✓ Dit sluit sowel skriftelike✓ as mondelinge verklarings deur getuies in,✓ asook voorwerpe✓ en dokumente wat vir inspeksie aan die hof voorgelê word.✓ Die voorwerpe waarna verwys word, is die voorwerpe waarop kragtens artikel 20 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), beslag gelê is.✓ (Enige 4 × 1) (4)

7.5
- Die bevordering van die rekenpligtigheid van die Diens aan plaaslike gemeenskappe en samewerking van gemeenskappe met die Diens✓
- Die monitering van die effektiwiteit en doeltreffendheid van die Diens✓
- Adviseer die Diens oor plaaslike polisiëringsprioriteite✓
- Die evaluering van die voorsiening van sigbare polisiëringsdienste, insluitend versoeke om ondersoek na polisiëringsaangeleenthede in die betrokke gebied in te stel✓ (4)

7.6 'Gemeenregtelike misdryf' is 'n oortreding (byvoorbeeld aanranding/moord/verkragting)✓ wat van een geslag na 'n ander oorgedra word.✓✓ (Enige 2 × 1) (2)

[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

Aantekening aan die nasiener: Studente moet slegs EEN vraag in hierdie afdeling beantwoord.

VRAAG 8

'n Aangehoudene pleeg 'n dissiplinêre oortreding as hy/sy:
- Oneerlik antwoord op regmatige vrae wat gestel word deur 'n korrektiewe beampte of ander persoon wat in 'n gevangenis se diens is.
- Nie 'n wettige bevel of opdrag deur 'n korrektiewe beampte uitvoer nie of versuim om enige regulasie of bevel na te kom.
- Beledigend teenoor enige persoon is.
- Versuim of weier om enige arbeid te verrig of enige plig na te kom wat deur die Wet op Korrektiewe Dienste voorgeskryf of gemagtig is.
- Onverskillig of nalatig is rakende enige arbeid of plig wat deur hierdie Wet voorgeskryf of gemagtig is.
- Taal gebruik wat beledigend, obseen of bedreigend is.
- Hom/haar onbehoorlik deur woord/handeling/gebaar gedra.
- Iemand aanrand.
- Met enige persoon kommunikeer op 'n tydstip wanneer of plek waar dit verbode is.
- Onnodige geraas maak of 'n oorlas van hom/haar maak.
- Die sel of 'n ander toegewese plek sonder toestemming verlaat
- Enige deel van die gevangenis of enige artikel daarin of enige staatseiendom op enige wyse ontsier of beskadig.
- 'n Ongemagtigde artikel besit.
- Diefstal pleeg.
- 'n Stoornis veroorsaak of daaraan deelneem of muitery aanstig of aan enige ander aktiwiteit deelneem wat die veiligheid of orde in 'n gevangenis in gevaar kan stel of waarskynlik in gevaar kan stel.
- Erken dat hy/sy 'n lid van 'n bende is of aan bendeaktiwiteite deelneem.
- 'n Oneerlike beskuldiging teen 'n korrektiewe beampte/medeaangehoudene rig.
- 'n Identifikasiekaart of -dokument of enige uitgereikte artikel wegsteek/vernietig, wysig/ontsier of daarvan ontslae raak.
- 'n Handeling pleeg met die opset om sy/haar lewe in gevaar te stel of sy/haar gesondheid te benadeel of sy/haar vermoë om te werk te strem.
- Probeer om enigiets te doen waarna in hierdie artikel verwys word. (Enige 20 × 1) **[20]**

OF

VRAAG 9

9.1 Polisiebeamptes behoort te probeer om die klaer te kalmeer. ✓ Die benadering hiervan sal afhang van die klaer se geestestoestand✓ op daardie oomblik. 'n Mens moet altyd probeer om vinnige en bekwame diens te lewer. ✓Beamptes kan gerusstellende sinne✓ gebruik, soos 'Ek verstaan'✓ of 'Ek sal my bes probeer om jou te help met ...'✓

Dit is belangrik om die klaer gerus te stel,✓ maar terselfdertyd nie te jok✓ of beloftes te maak wat nie nagekom kan word nie.✓ Die SAPD-lid wat diens verrig, moet probeer om die klaer die gevoel te gee dat die klagte belangrik is✓ en dat die SAPD-lede hul bes sal doen om daardie klagte te hanteer.✓

(Enige 4 × 1) (4)

9.2 Wanneer 'n klagte by die polisiekantoor ontvang word, moet die SAPD-lid wat die klagte hanteer altyd die beginsels van Batho Pele in gedagte hou. ✓

Die klaer behoort die beste aandag moontlik van die betrokke polisiebeampte te ontvang wat sy/haar saak hanteer.✓

Die beampte behoort altyd die volgende te onthou:

- Die klaer voel dat sy/haar klagte belangrik is,✓ en dat hy/sy die nodige hulp van die SAPD nodig het.✓
- Die hulp of diens wat benodig word hang af van die besonderhede van die klagte wat aanhangig gemaak word.✓
- Die SAPD word deur ons Grondwet verplig om 'n diens aan die publiek te lewer.✓
- Die doel van 'n lid wat met 'n klaer gemoeid is, moet sodanig wees dat die klaer 'n positiewe persepsie van die polisie moet hê nadat die klagte gehanteer is.✓✓
- Die lid wat met 'n klaer gemoeid is, kan die eerste lid van die SAPD wees waarmee die klaer te make kry.✓ Dit is derhalwe belangrik dat die lid professioneel optree✓ sodat die klaer 'n positiewe ervaring sal hê,✓ aangesien eerste indrukke die langste duur.✓ (Enige 6 × 1) (6)

9.3 Polisiebeamptes moet in gedagte hou dat die klaer met 'n wye reeks 'ingesteldhede'✓ by die polisiekantoor kan opdaag as gevolg van hul beproewing,✓ veral as hulle die slagoffers van geweldsmisdade was.✓

Sommige klaers sal baie ontsteld✓ en kwaad✓ wees, terwyl andere gebroke sal wees. ✓ Die goue reël om te onthou is dat wanneer 'n klaer die polisiekantoor bel of daar opdaag✓ om 'n klagte aanhangig te maak,✓ hy/sy die een of ander vorm van misdaad ervaar het. ✓
Die SAPD-lid wat die klaer bystaan, moet probeer om hom/haar in die klaer se posisie te stel. ✓

Lede behoort te probeer om die gesegde na te kom: '*Behandel andere soos jy graag behandel wil word*'. ✓ Met ander woorde, as jy die klaer was, watter diens sou jy graag van die polisie wou ontvang? ✓ Polisiebeamptes moet probeer om die klaer se gemoedstoestand te identifiseer✓ en daarvolgens optree.✓ (Enige 10 × 1) (10)

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou